LA RHONE LIMOUSINS

'jou vennoot in genetiese vooruitgang'

DESEMBER 2009

Die einde van 2009 het aangebreek en ons kyk met groot dankbaarheid en trots terug op 'n jaar wat vir ons en ons Limousins net mooi en positiewe dinge ingehou het. AJ het sy BAgric-graad aan die Universiteit van Stellenbosch (Elsenburg) suksesvol voltooi en is nou voltyds betrokke by die vrugte- en Limousin boerdery.

SWARTLAND SKOU – MOORREESBURG

Swartland Skou op Moorreesburg is sekerlik een van die bes georganseerde skoue in die land en dit maak dit altyd 'n plesier om ons diere daar te gaan vertoon. Vanjaar het die Swartlanders egter alles ingesit en met die aanbieding van die Nasionale Angus kampioenskappe was dit die grootste vleisbeesskou nog in die Wes-Kaap. Al die diere wat ons vertoon het, is die volgende week op ons veiling aangebied. Ons verower vanjaar die Junior Kampioen interras vroulike dier met die koei LR076 La Rhone Grace. Uitstekende kommentaar is van die beoordelaar ontvang, ook ten opsigte van ons junior bul, LR074 La Rhone Ghandi en ons senior bul, LR0410 La Rhone Dodge.

LENTEVEILING – 2009

Ons jaarlikse prestige lenteveiling op 17 September staan beslis uit as die hoogtepunt van die jaar. Nogmaals veels geluk en baie dankie aan alle kopers van regoor die land en Namibië wat van hierdie veiling 'n besondere geleentheid gemaak het. Vir volledige uitslae van die veiling, besoek gerus ons webwerf by www.larhone.co.za. Daar was ook talle belangstellendes en vriende wat die funksie die vorige aand, sowel as die veiling bygewoon het. Almal se belangstelling en ondersteuning word opreg waardeer.

PRESTIGE LENTEVEILING 2010

LR0653 La Rhone 4x4 (Navire x Dauphin) 34 mde

LR0754 La Rhone Greenday (MasduClo x Tarvis) 24 mde

Ons jaarlikse lenteveiling sal volgende jaar weer op Bossiesvlei, Moorreesburg plaasvind op Donderdag, 16 September. Ten einde te verseker dat kopers weer die geleentheid sal hê om van die beste diere in ons stoet te bekom, sal ons hoofstoetbul, FN0210, sowel as die belowende jong Navire MN-seun, LaRhone 4x4, en La Rhone Greenday (Mas du Clo uit die moeder van Zipman) onder die hamer kom. Daar sal heelwat meer bulle as in 2009 te koop aangebied word, asook 'n aantal top vroulike diere. Hierdie groep bulle was sedert speenouderdom 'n besondere groep bymekaar en hulle het baie goed ontwikkel. Ons is werklik trots daarop om hulle aan die bedryf beskikbaar te stel. Aangesien van die bulle wat opgeveil sal word teen Mei nog besig is met veldtoetse en sommige jong bulle nog daardie tyd besig is met dek, sal die meeste van hulle nie by die

Nasionale Skou vertoon word nie. Van die vroulike diere wat in Vryburg vertoon sal word, sal egter deel van die veilingspan uitmaak. Merk solank die datum en kom geniet die lente en die Limousins saam met ons in die Swartland.

NASIONALE SKOU – VRYBURG 2010

Die driejaarlikse Nasionale Kampioenskappe vind plaas van 5 – 7 Mei in Vryburg. Ons wil 'n dringende beroep doen op al ons kliënte en vriende om hierdie skou by te woon en, indien moontlik, so veel as moontlik diere te kom vertoon. Hierdie skou is een van die grootste toonvensters van ons bedryf en sonder telers en belangstellendes se entoesiasme sal daar nie 'n positiewe beeld na buite kan wees nie. Identifiseer nou reeds julle diere en begin betyds met die voorbereiding, al is dit net een of twee. Onthou ook om nou al akkommodasiereëlings te tref, aangesien Vryburg die grootste vleisbeesskou in die land is. Ons beplan 'n gesellige, informele braai by ons chalet vir voorlopig Woensdagaand 5 Mei, indien Telersgenootskap nie 'n funksie op daardie datum het nie en wil almal daarheen uitnooi vir 'n lekker kuier en gesels. Ons stoet sal goed verteenwoordig wees by die kampioenskappe en ons sien daarna uit om almal daar te sien.

KUDDE

Ons 2010 kalwers word vroeg in die nuwe jaar verwag uit die KI-bulle Sauvignon, Patocle, Hauteclair asook Dodge, FN0210, DK0330, Hitman en 4x4. Opwindende jong bulle wat tans vir die eerste maal by uitgesoekte koeie gebruik word, sluit in LR0754 Greenday (Mas du Clo x moeder van Zipman) en LR0820 Humbug (DK0330 x VD0197, 'n Dauphin dogter wat ook vir 0721 Great Day geteel het). Ons eerste verse uit DK0330 en Dodge se eerste kalwers word ook vroeg in die nuwe jaar verwag.

ALGEMEEN

Terugvoering wat van kliënte ontvang word, is vir ons belangrik. Baie dankie aan almal wat gereeld skakel of e-pos met inligting oor diere wat vanaf ons stoet aangekoop is, asook met nuus oor hul eie kuddes. Dit is vir ons lekker om met julle te gesels en op hoogte te bly met die aanpassing en vordering van ons diere. Niks is meer bevredigend as om te hoor en te sien dat dit goed gaan met ons diere by hul nuwe eienaars nie. Tydens 'n onlangse besoek aan van ons vriende in die Hoëveld, het ons weer eens besef watter hoë standaard diere tans in die ras is en dit bly 'n groot voorreg om deel hiervan te kan wees.

LCB0924 – Dodge dogter op speenouderdom in die Joluza kudde van die Claassen gesin. Haar moeder is aangekoop op ons 2008 veiling.

LR065 La Rhone Falcon trots tussen sy koeie in die kudde van Piet Coetzee en Sigi & Heide Baas in Namibië. Hy is aangekoop op ons 2008 veiling.

'n Geseënde Kersfees en wonderlike 2010 vol vet Limousin kalwers word vir almal toegewens. Onthou dat julle altyd meer as welkom is – ons sien daarna uit om julle te ontvang.

Andre, Trudene & AJ du Toit
Sel : 082 787 9207, e-mail: larhone@obiekwa.co.za

www.larhone.co.za